

Inhoud Hierdie preek wys dat elke lidmaat van die liggaam van die Here, klein en groot een doop het om te wys hul is ingesluit en deel in die liefde van een Vader, een Here en een Gees. Geestelikes rig in die kerk deur hul vyandskap teen Christus 'n muur van skeiding in die kerk op tussen kinders en volwassenes met hul wettiese geestelikheid en sluit kinders só uit die liggaam van die Here uit. Daarom weerhou hulle die doop van kinders of vervang hulle die betekenis van die doop vir kinders met rituele wat hul geestelikheid sou vertoon.

Skriflesing Efesiërs 2: 11 – 21; 4: 4, 5. Psalm 95: 1 – 7.

Teks Efesiërs 4: 4, 5. Daar is net een liggaam en net een Gees, ... een hoop, ... een Here, een geloof, een doop en een God en Vader van almal.

Tema. Ons en ons kinders behoort aan en en dieselfde Here

1. Ons doop vanoggend vir Janélle de Klerk!

Haar geboorte was 'n baie besondere magsdaad van die Here. Haar pa en ma, haar hele familie en ons elkeen as lidmaat van die gemeente het haar ontvang as 'n wondergawe van God.

Ons doop haar met net een doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hierdie doop as teken verseël sy behoort aan een Here, een Gees, een Vader, een liggaam en daarom is sy ingesluit in een hoop en een geloof.

Sy is die Here se lammetjie, of ons kan ook sê sy is die Here se kalfie, en die Here is haar Herder. Wat doen boere wanneer hulle skape en beeste, lammetjies en kalfies kry? Veral omdat diewe graag hierdie lammetjies en kalfies wil gryp en vang en vat, omdat hulle nog so klein is?

Hulle merk hulle!

In die ou dae het hulle met 'n warm yster 'n merk op hulle gebrand en vandag merk hulle met ink of 'n plastiekmerk aan die oor hierdie lammertjies en kalfies. Hierdie merk het is die boer se teken wat wys hierdie lammetjies en kalfies behoort aan hom as boer. Dit is syne en niemand anders s'n nie.

Watter merk sit ons vanoggend op Janélle? Die merk wat ons op haar sit is die doop met water, en die Naam wat ons haar mee merk is die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Net soos met lammetjies en kalfies van boere wys hierdie merk – Janélle behoort aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

2. Hoe weet ons dat sy aan die Here behoort en dat ons haar moet merk dat sy aan die Here behoort?

Ons en ons kinders behoort aan en en dieselfde Here

Die Bybel noem hulle wat aan die Here behoort – sy volk. In Efesiërs 3: 6 staan daar wie aan die Here behoort is sy volk en sy liggaam. In hierdie sin is bolk en liggaam een en dieselfde ding. Kyk weer hoe beskryf Ps. 95: 7 dit: “Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape deur sy eie hand versorg.”

Die woord “kudde” is die woord vir al die skape, die lammetjies, ooie en ramme almal saam bymekaar!

Hoekom behoort die lammetjies aan die boer? Want die hele kudde skape behoort aan die Here, lammetjies, ooie en ramme is almal saam Syne. Die Here is Herder vir die hele trop, die hele kudde. Dit kan nooit só werk dat die Here net Here van die ooie en ramme, die grotes is, maar dat Hy nie Here vir die lammetjies, die kleintjies is nie.

Pa, ma en hul kleintjies behoort almal aan die Here, en Hy is hul elkeen se Herder want hulle is sy kudde, sy skape wat Hy met sy eie hand versorg – elkeen groot en klein behoort aan Hom.

Daarom is Janélle die Here se lammetjie. Sy behoort aan die Here want haar pa en ma behoort aan die Here.

3. Ingesluit in die burgerskap van Israel!

Waar kry 'n babatjie burgerskap wanneer hy of sy gebore word! Hulle kry burgerskap in die gemeenskap en land waarin hulle gebore word. Daarom is daar baie ouers wat wanneer hulle sien 'n babatjie gebore gaan word na 'n land soos Amerika toe gaan sodat die babatjie in Amerika gebore kan word en dan as 'n burger van Amerika geregistreer kan word. Jy kry burgerskap in die land en gemeenskap waarin jy gebore word.

Paulus stel dat hulle wat in Jesus Christus glo, medeburgers geword van hulle wat burgerskap van God se volk, sy gemeenskap, Israel het. (Efe. 2:19, 12) Elkeen wie in Jesus Christus glo is nou saam met die gelowige Jode deel van die volk van God met burgerskap van die volk van God. (Efe. 3: 6) Jesus Christus het nie vir mense wie nie-Jode is 'n ander gemeenskap met ander burgerskap gebring nie. Christus het die geheimenis kom bekend maak dat nie-Jode, dit is ons, nou ook burgers van die volk Israel, God se volk is.

Deur jou burgerskap kry jy deel aan al die dienste en geleenthede wat 'n gemeenskap en land aan sy burgers bied. Die Bybel noem hierdie dienste en geleenthede van die volk van God die “verbonde en beloftes” van God aan Israel. (Efe. 2:12) Hierdie verbonde en beloftes is die Herder- Koningsbelofte van die Here aan Dawid (2 Sam. 7: 11 –) en die volk belofte van die Here in Eseg. 36: 24 – .

Ons en ons kinders behoort aan en en dieselfde Here

Dit is die burgerskapsvoordeel wat jy kry as sy deel van die Here se kudde, sy volk is: Hy sal jy met sy eie hand versorg. Ps. 95: 7. En die babas wat in hierdie volk van God gebore word, verkry as babas burgerskap van hierdie volk van God en al die burgerskapvoordele.

4. Paulus noem die volk van die Here, die liggaam van Christus en hulle wat burgers van God se volk is “lede van die liggaam van Christus” (Efe. 3: 6) Die rede daarvoor is dat Jesus as mens uit die dood uit opgestaan het en as mens hemel toe gevaar het om vir ons mens in die hemel te wees, soos Paulus dit stel: om vir ons saam met Hom ’n plek in die hemel te gee. (Efe. 1: 20 en 2: 6) Christus sluit ons in en verenig ons as mense met wie Hy as mens in die hemel is: die mens wie se dood, se bloed ons sondes betaal (2:13) en die mens wat ons insluit in die heiligheid, die vlekloosheid en onberispelik wie Hy as vandag in die hemel is. (Efe. 5: 27) Wie ingesluit is in wie Jesus as mens vandag vir hulle is, is deel van die burgerskap en al die voordele van die burgerskap van Israel.

Wie ingesluit is in Jesus Christus is deel van die nuwe mensheid – mense wat onskuldig, reg, heilig en onberispelik vir God die Vader is deur Jesus Christus en burgers van sy volk is. (Efe. 2:15, 1:2). Deur ons vereniging met Christus word ons lede van die volk van God, ons en ons kinders! (1: 11)

Die Kinders! Dink julle Janélle is as babatjie ingesluit of uitgesluit van Jesus Christus?

Die wyse waarmee God met kinders werk, is om hulle in te sluit in sy volk, sy kudde, sy skape, en hulle te laat deel in alles wie Hy vir sy kerk is. Die Here sluit haar in in haar ouers se huis. Sy moet nie sorg vir haar eie huis nie. Die Here sorg vir haar vir kos deur haar in te sluit in die kos wat Hy vir haar ouers gee. Die Here sluit haar in die sorg en bewaring waarmee Hy haar ouers versorg. En die liefde wat die Here as Herder vir haar ouers gee, ingesluit in Christus? Is sy ingesluit of uitgesluit?

Sy is ingesluit in Christus, deel van die liggaam van die Here met ’n plek in die hemel, deel van die burgerskap van die volk van God met al die voordele en beloftes van hierdie burgerskap.

Daarom kan ons haar merk. Paulus stel dit só! Wie gewy is om aan God te behoort word met water en woord gereinig. (Efe. 2:26) Dit is wat deur die doop gebeur. Sy word deur water en woord gereinig. Die water is die water waarmee ons doop en die woord is: In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Die woord is die toesegging – jy is gemerk en behoort van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Ingesluit!

Ons en ons kinders behoort aan en en dieselfde Here

5. Baie mense is deesdae kwaad vir die Here omdat Hy babatjies insluit in sy kudde en hulle burgerskap van sy volk gee deur hulle in te sluit in die liggaam van Christus. Hulle is kwaad omdat die Here Jesus een Herder vir een liggaam is, wie een Vader en een Gees het.

Hierdie geestelike mense in die kerk gee vir haar slegte name wat wys sy is nie die Here se lammetjie nie.

Die Jode het dit al met al die mense gedoen wie in God geglo het. Hulle het hulle met 'n skelnaam "onbesnedenes" genoem en hulle self hooghartig "besnedenes" genoem. Met hierdie skelname het hulle vir ander mense sommer gesê die Here sluit jou uit, maar vir my sluit Hy in.

Hierdie skeiding tussen wie in is en wie uit is, noem Paulus die "vyandskap wat soos 'n muur skeiding maak." Wat die Jode hierdie muur van vyandskap gemaak het wat burgers van die volk van God van mekaar skei en vervreem is die Tien Gebooie, die wet van God. Hulle het die Tien Gebooie gebruik om 'n muur van skeiding te maak tussen hulle self wat kamstig die gehoorsames was, en mense wie die wet oortree, wat kamstig nie burgers van God se volk was nie.

Jy moes eers deur die Tien Gebooie bewys dat jy goed genoeg is om 'n burger van God se volk te wees voor jy aan sy volk kon behoort.

Vandag werk hierdie muur van vyandskap tussen lammetjies en die res van die kudde van die here só! Janéle as baba, as lammetjie is kamstig nog nie goed genoeg om aan een en dieselfde Vader, een en dieselfde Here, en een en dieselfde Gees as haar pa en ma te behoort nie. Die slegte name wat hulle vir haar as baba gee is sy is nog nie wedergebore, nog nie bekeer, nie nie geestelik, nog nie spiritueel, het nog nie haar lewe met God reg gemaak en het nog nie 'n persoonlike verhouding met God nie.

Die muur wat haar van die een en dieselfde Here, Vader en Gees skei aan wie haar ouers behoort is die wet van God: sy moet nog eers haar hart vir God gee, haar lewe vir God gee, God in haar lewe innooi, haar sondes bely, met 'n goddelike gees vervul word en met God 'n persoonlike verhouding begin.

Voor sy dit nie doen nie, staan sy ander die anderkant van die muur van verdeeldheid – en mag sy nie gemerk word as lammetjie van God nie. Is sy deur die muur van vyandskap uit die kudde uitgesluit as nie goed genoeg om die merk te dra dat sy aan een Vader, Here en Gees behoort nie. Sy moet nog eers haarself bewys voor sy gemerk mag word met haar gehoorsaamheid aan God se wet.

Ons en ons kinders behoort aan en en dieselfde Here

So maak die muur van vyandskap die verskil en skeiding tussen wie ingesluit is by die Herder en wie uitgesluit is by die Herder! Voor sy haarself nie bewys het nie, mag sy net 'n bywoner wees, nie 'n kind van God nie. (Efe.2: 19, Gal. 4: 6,7)

6. Hierdie mense maak van die Here en sy teken, die doop, 'n ander Here en 'n ander teken! (Gal. 1: 7 – 9)

Die kinders! Daar is 'n groot verskil tussen 'n herder en 'n stoet- en skou-teler! Die Here is ons Herder. Hy is nie 'n stoet en skou-teler nie!

Die Here is nooit vir ons ver nie. In Israel het die herders saam met hulle kudde geleef. Hulle het die hele tyd gesit en kyk hoe hulle wei. Hulle het die hele tyd rondgekyk dat geen jakkalse of leeus hul skape kom vang nie. Hulle het die hele tyd gekyk dat geen diewe 'n skaap kom gryp om te braai nie. Hulle het voor hulle uitgeloop en na hul slaapplek, weiplek en veilige plekke gevat. Hulle het altyd dag en nag saam met hul kudde geleef.

Hy was in sy liefde altyd self by sy kudde teenwoordig.

En dit is hoe die Here Herder oor sy volk, sy liggaam, sy kerk is! Paulus wys dat die Here altyd oor almal in sy kudde is, deur almal in sy kudde werk en in almal woon. (Efe. 4: 6) Hy waak en is sorgsaam oor almal, groot en klein, swart, wit en bont. Hy werk deur almal, groot en klein, wit, swart en bont, sy genade en liefde, en Hy woon as Here deur sy Gees in almal in sy kudde, groot en klein, swart, wit en bont. Die Heilige Gees woon in kleintjies in hul waentjies en kotte, en grotes by hul werk en in hul karre.

Die Here is die teenwoordige Herder vir sy hele kudde!

7. Wat vir 'n ding is 'n stoet- en skou-teler?

Dit is iemand wat daar iewers in die stad bly in 'n huis wat soos 'n hotel lyk en in motors rondry waarvan ons hier nog nie die name ken nie. Sy huis en motor is skou-stukke. Dit vertoon sy mag en rykdom. Hierdie man gaan koop baie keer 'n beesplaas, 'n skaapplaas of 'n wildsplaas om ook net soos sy kar en huis skou-goed te maak wat sy mag, sy eer, sy rykdom en invloedrykheid te vertoon.

Hulle is nie herders vir hul kudde nie. Hulle is stoet-eenaars!

Hoe verskil 'n kudde van 'n stoet? 'n Stoet is ook 'n groep skape, beeste of wild, groot en klein, maar hul eenaar bly en leef nie saam met hulle nie. Hy stel arbeiders aan om hulle op te pas en te versorg. Só is hierdie stoet uitgesluit van die teenwoordigheid, die sorg, liefde en lewe saam met 'n herder.

Ons en ons kinders behoort aan en en dieselfde Here

Hierdie stoet is net daar om kleintjies te maak. Wanneer hulle kleintjies maak, dan kom hierdie stoet-teler en kyk watter kleintjies is die wat dalk eendag skou-diere kan word. Wanneer hierdie kleintjies dan skou-goed word, dan eers begin die stoetteler saam met hulle leef by skoue! Want dan eers kan hulle vir hom pryse op skoue wen.

Baie predikante probeer vandag vir die kerk leer dat God die kerk se stoet en skou-teler is. Hulle preek só! Die kerk is die Here se stoet. Hulle behoort aan Hom, maar Hy is nog nie hul Vader, Christus is nog nie hul Here en die Gees woon nog nie in hulle nie. Hulle moet kleintjies maak en wanneer hierdie kleintjies dan eendag met bekerings, oorgawes en getuienisse wys hulle kan God se skou-kindere wees, dan eers begin Hy saam met hulle in sy liefde leef en vat hy hulle na eredienste, kampe en byeenkomste toe om met hulle te skou!

Die ander lidmate van die kerk los God by die arbeiders, die geestelikes. Hulle bly ver, uitgesluit en net bywoners wat aan die stoet behoort, maar met wie Hy nie in sy liefde saamleef nie.

8. Wat kry 'n skou-dier as hy die mooiste en beste op die skou is?

Hy kry 'n roset! 'n Roset is mooi lint wat soos 'n groot borsspeld opgerol is en om die wendier se nek gehang word om te wys hy is 'n wenner! Dit is hoe baie predikante en al die pastore met die doop en somer selfopgemaakte rituele in die kerk mee besig is.

Elke keer as hulle besluit hierdie tiener of grootmens het 'n mooi bekering, 'n mooi oorgawe aan God, 'n mooi toewyding aan God of 'n mooi getuienis vir God gelewer, dan mag hulle die doop of 'n ritueel as skou-prys kry om te wys wat hulle vir God gedoen het.

Hulle maak van die merkteken dat God een Here, een Vader en Gees vir elkeen in die kerk is, 'n skou-prys – net die wat die mooiste en beste is, kan gedoop word of aan 'n ritueel deelneem.

So probeer hierdie predikante en pastore van God van die Herder van sy kerk verander na 'n stoet en skou-teler!

Pa en ma is net daar om kleintjies te maak wat nog ver van God is, lammetjies wat nog net bywoners is. Hulle behoort kamstig aan God maar is nog nie deel van sy teenwoordige liefde en genade as Vader, Seun en Gees nie. Eers wanneer hulle eendag mooi bekerings en oorgawes maak, begin God saam met hulle leef as sy spogkinders en skou-kindere! Volgens hulle leef net hierdie spog en skou-kindere in God se liefde, die ander is uitgesluit en is net deel van die stoet.

Ons en ons kinders behoort aan en en dieselfde Here

Daarom kan volgens hierdie geestelikes net hierdie spog en skou-kinders gedoop word en aan rituele deel kry vir die mooiste bekering, liefdesdaad, oorgawe en getuienis – die res van die stoet kan nie. Hulle moet net nog moontlike stoetkinders probeer maak!

9. Dit is die hartseer van hoe ouers deesdae geleer word om hul kinders te sien en te hanteer deur predikante en pastore.

Pastore sal vir ouers sê kinders kan net ingeseën word maar mag nie gedoop word nie. Predikante leer weer dat ouers met God 'n verbond maak dat hul kinders aan God opgedra word, hulle mag 'n teken kry hulle behoort aan God, maar God is nog nie hul Vader regtig nie, Jesus is nie regtig hul Here nie en die Heilige Gees woon nie in baba en kinders nie. Wanneer die kinders eendag mooi spoggerig tot bekering kom, dan kan hulle gedoop word of rituele kry wat wys hulle is nou deel van God se spogkinders saam met wie Hy leef en hul lief het.

Dit is net soos met beeste en nuwe kalfies!

Wat doen beeste wanneer daar 'n nuwe kalfie gebore word? Hulle gaan staan almal so saam om die kalfie en lek die kalfie om te wys hy/sy is nou deel van die trop. Wat doen 'n herder met 'n nuwe kalfie of lammetjie? Hy lek hulle nie. Hy merk hulle as sy eiendom om saam met hulle te leef in sy liefde!

Hierdie predikante en pastore verkondig dat babas nie gedoop mag word nie, maar net ingeseën mag word. Wat vir 'n ding is dit? Dit is groot mense wat nes beeste die nuwe kleintjie met hul liefde kom lek om te wys hulle behoort nou aan God se stoet, maar nie aan God self nie. Pastore seën babas in die stoet in, maar hou hulle weg van die kudde!

Predikante doen dit ook! Hulle doop kinders en sê hulle is in die verbond van God, maar nog nie ingesluit in die liefde en teenwoordigheid van een Vader, een Here en een Gees nie. Dit sal babas eers kry met mooi rituele wanneer hulle mooi tot bekering kom!

So rig hierdie geestelikes 'n muur van God se vyandskap binne die kerk tussen stoet en spogkinders! 'n Muur van die skeiding van wetsonderhouding nes die Jode dit met die kerk wou doen.

10. Die kinders!

Kom ons toets vanoggend die waarheid van die Woord van God met die doop van Janélle!

Ons en ons kinders behoort aan en en dieselfde Here

Is Janélle se pa en ma, oom Gert en tannie Anelle, deel van die Here as Herder se kudde of deel van God se stoet?

Behoort hulle aan een Vader, een Here en een Gees omdat hulle glo in Jesus Christus, of is hulle spogkinders van God met hul bekerings en oorgawes? Hulle behoort aan die Here as Herder omdat hulle in Jesus Christus glo!

En Janélle?

Is sy as lammetjie ingesluit in die Here se kudde en leef die Here saam met haar as Herder en is Hy ook vir haar een Vader, een Here en een Gees, of is sy ver, uitgesluit en 'n bywoner wat haarself eers eendag moet bewys om in sy liefde te kan leef?

Dan is die Here nooit Here, Vader en Gees vir lammetjies nie. Dan het die Here ook nie 'n kudde nie en is Hy ook nie Herder nie. Dan het Hy net 'n stoet wat kleintjies moet maak waaruit Hy skou- en spogkinders bymekaar maak vir sy liefde!

Janélle het dieselfde Here, Vader en Gees as haar pa en ma, want sy is deel van dieselfde kudde, die volk van die Here as hulle! Sy behoort aan die Herder om in sy liefde en sorg te leef. Sy is nie gemaak om haarself eendag as God se spog- en skou-kind te bewys nie.

Daarom doop ons net met een doop! Die doop waarmee die Herder wys Hy is haar Herder en sy is ingesluit in sy kudde, sy liggaam sy volk! Ons gaan nie die teken van haar weghou vanoggend nie en ons gaan haar nie later aan rituele laat deel neem nie.

Net een doop sonder rituele, een keer, om te wys sy is ingesluit in die liefde van een Vader, een Here, een Gees!

Kom ons doop Janélle! Die Herder se lammetjie!